**11 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 14:21-28**
**Fokusgedeelte: Handelinge 14: 23, 26**

## Bid vir vrug op die Woordverkondiging

Aan die einde van die eerste sendingreis gaan Paulus en Barnabas terug op hulle spore na al die plekke wat hulle was en hulle gaan bemoedig weer die mense wat maar pas tot geloof gekom het. *"Nadat die gemeente gebid en gevas het, het die apostels hulle opgedra aan die Here, in wie hulle nou geglo het"* (:23). Sonder gebed, het hulle geweet, sou die jong gelowiges nie kon staande bly nie. Sonder die apostels sou hulle kon klaarkom, maar nie sonder die sorg van die Here nie. Daarom het Paulus-hulle hul aan die Here in die gebed opgedra.

Wanneer Paulus-hulle weer in Antiochië aankom, by die gemeente wat hulle oorspronklik uitgestuur het, dan word ons weer daaraan herinner dat alles begin het toe die gemeente van Antiochië vir vrug op die verkondiging van die Woord gebid het: "Daarvandaan is hulle met 'n skip terug na Antiogië toe, *waar hulle aan die genade van God opgedra was* vir die werk wat hulle nou voltooi het" (:26).

So het die evangelie versprei omdat een gemeente gebid het en sendelinge uitgestuur het!

Bid vir die volgende:

- Dat ons ook so 'n biddende gemeente sal wees.
- Vir jong gelowiges om in die geloof staande te bly.
- Dat God ook ons gebede so sal verhoor dat mense van hier af uitgestuur sal word om die Woord uit te dra.
- Dat God se Woord van ons af deur die hele gebied sal versprei.

*Sing: Skrifberyming 53 (14-3):4*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*